Louis Nel

From: Elbie [elbie@ngkzn.org.za]
Sent: 16/02/2012 10:33 AM
To: Elbie
Subject: ePosduif 6 - Uitreike, Bybels, Publikasies, Vakature

16

Februarie 2012

In hierdie uitgawe

- Refleksie oor die sinvolheid van Evangelisasie-Uitreike
- Wiseman se Storie – dit gee hoop
- Bybels vir Taxi's
- Leraars sonder Bybels – Madagaskar vra hulp
- Predikantekamp is 'n moet!
- Maart uitgawe van LIG
- Môre se Kerkbode
- Nuwe Publikasie
- Vakature by die Sinodale Sentrum, Pietermaritzburg
- Verjaarsdae

Refleksie oor die sinvolheid van Evangelisasie-Uitreike vanuit 'n Gereformeerde Godsbegrip

Dr Lourens Schoeman was pas terug van 'n weeklange Evangelisasie-Uitreik in die dieplandelike Zululand, toe hy met 'n beker koffie in die hand en vanuit die Gereformeerde Godsbegrip skerp na die bediening van verskillende bewegings gekyk het:

"Daar waar landelike vroue en kinders misbruik en vermink aanhink hemel-toe, daar waar die stedelike jeug se buite egtelike babas grootgemaak word en die stedelike jongmense kom sterf, daar waar geen werksgeleenthede, geen goeie mediese dienste en geen kwaliteitskole is nie, daar sal al hoe minder en minder mense uit die eenvoudige kruike van die Gereformeerde Teologie kan drink."

Is daar 'n antwoord op die vraag oor die sinvolheid van Evangelisasie-Uitreike?
Lees gerus verder ....

Wiseman se Storie

Bert Nel van Greytown Kinderhuis skryf per e-pos: "Dankie vir die ePosduif – dit is nou een van die weinige publikasies waar ons net goeie nuus beleef. Ons wil graag met julle die briefie van Wiseman Madlala deel.

Wiseman het na Graad 12 hier plaaslik by Mascor begin werk en het hom onderskei as ‘n bogemiddelde werker. Hy het egter op ‘n stadium besef dat dit vir hom noodsaaklik is om sy kwalifikasies te verbeter en hy het sonder enige invloed of hulp van ander, navorsing gedoen en ‘n volle beurs bekom vir voltydse studie waarmee hy tans besig is.

Dit is so ongelooflik goed om van hierdie verhale van hoop kennis te neem. Daar is werklik nog van ons jongmense wat deur harde werk besig is om ‘n verskil in hulle eie lewens - maar uiteindelik ook in die lewens van andere rondom hulle - te maak. Dit kan dalk ook vir lidmate help om te weet dat die bydraes wat hulle gee nie net in ‘n bodemlose put beland nie. Ons kan net die Here loof en dank vir wat Hy met die bydraes van mense kan vermag.
Hartlike groete,
Bert Nel
Sel / Cell: 076 113 7197

Lees Wiseman se storie hier

Bybels vir Taxis

Vroeg in Februarie het NG Pietermaritzburg-Noord se Bybelprojek die 15,000 merk oorgesteek – dit beteken dat die gemeente in drie jaar net meer as 15,000 Bybels versprei het. Daar is geen beter manier van evangelisasie as om vir iemand ‘n eie Bybel in die hand te gee nie. Die Woord is lewend en werk kragtig om lewens te verander. Ons slagspreuk bly steeds Ps 115:1 – ***“Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan U Naam kom die eer toe!”***

Een van vele verspreidingspunte is die Taxi-staanplek in die middestad van Pietermaritzburg. Die Kommissie vir Getuienis het verlede jaar besef dat daar ‘n vaste patroon in ons uitreike daarheen moet wees, sodat ons vir die mense wat meer Bybels wil koop, kan sê wanneer ons weer daar sal wees. So het die uitreike elke eerste Saterdag van elke maand ‘n instelling geword. En die blye gesigte wanneer iemand vir die eerste keer ‘n eie Bybel aan die hart druk, het ook ‘n instelling geword. So het ons dit weer die eerste Saterdag in Februarie 2012 ervaar.

Toe ons vooraf ons gebedskringetjie maak en vra vir die Here se seën, het ons geweet dat Hy reeds die afsprake vir ons gemaak het. Ja, daar is baie wat net met uitdrukkinglose gesigte verby stap. Maar daar is ook die wat kyk en weer kyk, omdraai en in hulle sakke begin grawe vir geld. Daar is dié wat dan sê hulle sal volgende keer koop wanneer hulle geld het. En daar is dié wat dit nie regkry om die kosbare Bybel weer neer te sit nie, want daar sal dalk net nie weer so ‘n geleentheid kom nie. Dis juis hulle wie se stories ‘n mens aangryp, en dan kry hulle ‘n Bybel wat reeds geborg is. Min van hierdie spesiale mense kan aanvaar dat hulle werklik niks hoef te betaal nie en dring daarop aan om die R2 of R5 of R10 wat hulle wel het, as bydrae te gee – met dankbare vreugdetrane.

Ek onthou ook die baie welgestelde oupa in sy pak klere, wat so bly was om die twee seuntjies te sien wat na hom toe aangekom het, hulle in sy arms gevang het – en sommer daar en dan vir hulle elkeen ‘n Bybel gekoop het. Dalk het hulle van ver af kom kuier met die taxi. En daar is dié wat ‘n kontaknommer vra, sodat hulle ‘n boks Bybels kan koop vir die familie by die huis, of vir hulle kerk se mense.

Die oggend se rekordverkope van 110 het dalk ook te doen met Hannes se vrolike groet en **“Thenka iBhayibheli! Cheep! Cheep!”** En ons span se eenderse T-hemde. Aan die voorkant**: “Servants for Jesus”** en op die rugkant: **“Izisebenzi Zika Jesu”.** En dalk was die beste teken van die Here se oorvloedige seën op die oggend die lieflike, harde reënbui wat oor ons motors uitgestort word, toe ons warm en seervoet van die Taxi *rank* af terug ry, nadat ons eers weer in die kringetjie ons vreugde en dankbaarheid en lof aan Hom gegee het. **Al die eer aan Jesus!**

Uitreikers

Inhoudsopgawe

Leraars sonder Bybels - Madagaskar vra hulp!

Ds. Martin Goosen van Piketberg NG Gemeente vertel van ’n kerkplantingsprojek in Madagaskar waarby hulle en

verskeie ander gemeentes betrokke is. Daar is ’n groot behoefte aan Bybels weens die besondere kerkgroei die afgelope paar jaar, eerstens vir die studente-leraars en dan vir huise/lidmate.
”Projek 5000” is geloods om dié getal Bybels te help voorsien om die ergste nood aan te spreek. Enigeen wat wil meedoen aan dié geleentheid om die Koninkryk daadwerklik uit te bou, moet asb. reageer voor 30 Maart 2012!

Lees verder vir meer inligting.

Ek mis die Predikantekamp vir niks, hoop jy ook nie!

My eie omstandighede met my vrou wat steeds in intensief in Pretoria lê, nadat 'n gewas uit haar long verwyder is, is seker nie ideaal vir die bywoning van die Predikantekursus nie, maar ons twee het dit reeds uitgemaak dat ek nie die Predikantekamp gaan mis nie omdat dit vir ons predikante in Natal 'n noodsaaklike belewenis gaan wees. Johann Symington is die spreker en hy gaan praat oor die behoeftes soos deur ons leraars sedert die vorige sinode uitgespel is.

Ek het bietjie met Johann gesels en deel graag 'n paar opmerkings oor Johann Symington, die mens.

Oor homself het Johann met groot humor die volgende te sê:

> “Ek verstaan nie veel van my wêreld nie en kruip graag agter 'n CD of 'n boek, in 'n teater of in my studeerkamer weg. Ek hou van stilte en die bosveld. Ek is 'n power kok en 'n nog swakker boomkenner. Maar van stories, skilderye en sushi kan ek nie genoeg kry nie. Van mense ook nie.
>
> “My vrou weet my hande staan vir niks reg nie en ek besef ek verdien haar nie. My kinders is vir my alles, al kry ek dit nie vir hulle gesê nie.
>
> “Die Here is vir my baie goed: Hy gee vir my gemeentes wat my verduur as ek vergeet, dubbele afsprake maak en nie die konsole van al die digitale apparatuur in die kerk kan werk nie. En ook nie noot kan hou nie.
>
> “Net die Here alleen weet hoekom ek in die bediening moet wees. Ek dink dis seker omdat ek betaal word om te lees en te dink en te bid. En 'n bietjie te skryf. Van al die ander predikanttake weet ek nie so mooi nie.”

Ons weet egter oor Johann van beter. Hy is 'n besonder begaafde mens met 'n diep insig in die bediening, menswees, predikantwees en 'n innige verhouding met die Here. Hy is die regte man om op die regte tyd met ons te kom saampraat.

As ons so 'n geleentheid gehad het toe ons jong predikante was....

Sien jou by Drakensville.
Groetnis
SW Scott

Inhoudsopgawe

Maart Uitgawe van LIG

Nicholis en Elizma – rustig by God

Nicholis Louw en Elizma Theron het baie meer gemeen as wat ’n mens ooit vermoed het: geloof, ’n besondere sin vir humor, liefde vir gospelmusiek – om maar ’n paar te noem. ***LIG*** het dié twee musiekvriende vir ’n bederfoggend genooi.

Lees ook:

- Lewensafrigting – ’n Móét of mode?
- Mastektomie – alles wat jy moet weet

- Hoort die pienkvoete in jou bed?
- Laai jou batterye by God

Inhoudsopgawe

Môre se Kerkbode

Kerk en Noordwes-regering wil wantroue uit weg ruim

Kerkleiers en die provinsiale regering van die Noordwes-Provinsie het met 'n aksieplan vorendag gekom om die boeregemeenskap se wantroue en agterdog teen die regering uit die weg te ruim en daadwerklike aandag aan die blanke boere in die provinsie se probleme te gee.

Die nuwe inisiatief om beter verhoudings tussen die boeregemeenskap en die Noordwes Provinsiale Regering te kweek het reeds die instemming van die provinsie se premier, me Thandi Modise. Reëlings vir die eerste vergadering tussen kerkleiers, die provinsiale regering en boere is in 'n gevorderde stadium.

Lees ook:

- Heyneke Meyer – Bok-breier wat op sy knieë begin
- Studentegemeentes vuur en vlam vir evangelie en God
- Fanie du Toit: 'Om te hoop is om te droom'
- Kerk en ouers moet skoolplig nakom
- Kemptonpark bevestig dowe predikant
- Tien vrae aan Flip Loots

Kyk na 'n kort videogreep oor die nuutste Kerkbode hier:
http://www.youtube.com/watch?v=uuklartxVGA&feature=youtu.be

Volg Kerkbode op Facebook: http://www.facebook.com/kerkbode

Inhoudsopgawe

Nuwe Publikasie

Vreugde-Vrou

Hoe is dit moontlik om vrou, ma, dogter, versorger, beroepsvrou én 'n vrou na God se hart te wees? Hoe leef jy binne God se plan vir jou lewe terwyl jy terselfdertyd probeer om 'n supervrou in die wêreld se oë en standaarde te wees?

Moenie moed verloor nie! As vrou is jy in God tot baie meer in staat as wat jy dink. Stephan Joubert en Johan Smith daag jou met ***Vreugde-vrou*** uit om jou vrouwees te vier en uit jou gemaksone te beweeg. Temas in die boek sluit in: "Om 'n lewe te red", "Dankbaarheid en tevredenheid", "Mooi op die regte manier" en "Só lyk God se krag in aksie".

Dié boek rus jou toe om God se hande en voete in 'n stukkende wêreld te wees en só God se plan vir jou lewe te vervul. Dit sal jou inspireer om vandag 'n impak in die lewe van ander te maak. - CUM.

Inhoudsopgawe

Vakature : Sinodale Kantoor : Finansiële/ Admin Beampte

Die Sinodale Kantoor, Pietermaritzburg, beskik oor 'n vakature in die Finansiële Afdeling. Applikante moet oor die minimum kwalifikasie van Graad 12 rekeningkunde beskik.
Posvereistes: Goeie administratiewe vaardighede, Pastel ondervinding sal 'n

aanbeveling wees.
Vir meer besonderhede en ‘n aansoekvorm, kontak:
Ds Ben van Dyk by : 033-3452276 of ben@ngkzn.org.za

Sluitingsdatum: Maandag, 27 Februarie 2012 om 10:00.

Inhoudsopgawe

Verjaarsdae : Week 19 tot 25

20 Februarie – Ds Koos Van Zyl (Port Shepstone) – dsvanzyl@webstorm.co.za
23 Februarie – Dr Mike Heaney (Margate) – mikehe@telkomsa.net
23 Februarie – Ds Annatjie Steyn (Greytown) – annatjie@greytown.co.za

Baie geluk! Mag julle antwoorde die jaar almal reg wees!

Seuntjie sit in die wiskundeklas en skryf:
1 + 2 = Jesus
2 +10 = Jesus
8 + 5 = Jesus.....

Meneer roep Seuntjie nader en vra hom hoekom is al sy antwoorde "Jesus"?
Hy sê toe: "Meneel, ons was Sondag inni kelk en toe sê die Oom da vool.... Jesus is die antwoold op al jou vlae."08f98828dd190f5e2

Gemeentes wat verjaar – ‘n terugblik

1951.02.21	Montclair – Ingelyf by Durban-Suid om saam Durban-Oos te vorm op 01.09.2005.
1924.02.23	Weza-Port Shepstone, later naamsverandering na Port Shepstone.
1940.02.23	Glencoe – Ingelyf by Glencoe-Oos op 01.08.2000.



Inhoudsopgawe

Wiseman se storie

Description: C:\Users\wiseman\Pictures\Demo Album\2012_01_07\IMG.jpg

I came to Greytown children’s home when I was about seven years old in 1996. I was quite nervous because it was like starting a whole new life all over again and meeting new people.
I was also a little exited.
My first day at the home was actually quite nice. I got to know the rest of the children that I stayed with and during the first couple of weeks I already made a whole lot of friends. They were even teaching me how to speak Afrikaans. Our house mother that time was quite strict, she did not allow any foolish behaviour and she taught us manners, discipline and how to behave.
As the years slowly went by I started liking school where I also got to learn a lot more. I went to St David’s School. Wel, as usual like every child grows up there was some times when I misbehaved and things got out of hand, but

we all should learn from our mistakes. I also went to church and attended Sunday school, which taught me about God, how to treat others and how we should live life.
Finally the time came where I reached high school (Greytown High School). There were many challenges, but I was well prepared and I was able to face them. That is where I learnt the most things in life, I also achieved many achievements and the greatest of them was being selected as prefect in 2007. I also became the head boy of Greytown Children's Home in the same year which was an outstanding achievement for me.
When I matriculated in 2007 and finally had to go out into the real world, I was quite exited and quite sad at the same time, because it was like being separated from a big family at school and at the childrens home, wich became part of my life over the previous years.
After I left school and the children's home, I got a job at a company called Mascor. After working there for two years, I got a bursary and went to study.
I would like to thank the Greytown children's home for making me the person I am today; I would also like to tell everyone who stays in the children's home the following:
"Guys, do not take this opportunity for granted, respect everyone around you and don't worry about what people say about you. Just be focussed and be the best person you can.
Ek wens almal die beste en 'n goeie jaar wat voorlê.
Greetings to everyone.
Wiseman Madlala

Inhoudsopgawe

Refleksie oor die sinvolheid van Evangelisasie uitreike - vanuit 'n Gereformeerde Godsbegrip

Inleidend:
Sopas terug van 'n weeklange Evangelisasie uitreik, saam met die VGKSA Msinga werkkragte, die plaaslike lidmate by die klein buitepossie in tradisionele diep landelike Zululand, en 'n paar Zulu gemeenteseuns. Ons uitreik was gefokus op Kwa-Kopi, Keate's Drift, Msinga, naby Greytown, KZN, Suid-Afrika (Opmerking: het jy geweet Suid-Afrika is deel van Afrika? Die dorpies Tugela Ferry en Pomeroy lyk soos enige dorpie in Malawi of Mosambiek).

En ek is lus om bietjie te reflekteer oor die sinvolheid van Evangelisasie uitreike vanuit ons Gereformeerde verstaan van God en die Bybel.

Die woord "Gereformeerd", is vir my die hoek waarvandaan ons geloofshuis na God, die Woord en die gemeenskap kyk: Die VGKSA in Msinga verstaan dit so: God, die Skepper het alle mense lief. Ons sonde veroorsaak 'n ondeurdringbare skeidsmuur, wat alleen deur die kruisdood van Christus afgebreek word. Aanvaar ons sy kruisoffer met leë hande in die geloof, dan breek die muur oop, en ons kan deurstap, om dan verwonderd, in God se teenwoordigheid in te gaan om ons lewe lank in sy lig te kan dans! Die opstandingskrag van Christus maak ons in ons ondermaanse pelgrimstog oorwinnaars in elke beproewing en versoeking. Die Gees lei ons op vreemde, heiliger paaie, waar ons al hoe meer aan onsself sterf en Hy al hoe meer in ons word. Sy liefde laat ons dien en vergewe. Sy geregtigheid maak ons regverdig en kampvegters teen onreg. Ons vind ons lewensvreugde in sy lig. Hierdie eenvoudige geloof bind ons aan medegelowiges saam, met wie ons saam kan sing en bid en huil en stry….en dit alles leer ons net in die Bybel, God se enigste gesagvolle bron waar ons sy hart kan raakhoor….

Nou is die vraag: Is hierdie 'n sinvolle, relevante en nodige hoek vanwaar gelowiges met mense in Afrika, buite die kerk oor God kan praat?

Dadelik weet ek, verloor ek 'n groot deel van die Evangelies-gesindes as ek die woord Gereformeerd gebruik, en dit met evangelisasie koppel. Daar is in die "Evangelical" wêreld 'n baie sterk swaai na die Charismatiese welvaarts- en welsynsgodsdiens (health and wealth). Hierdie jong hunne preek oor hulle eie TV programme die skerms nat, hulle tente staan die townships vol, waar hulle met blinknuwe karre opdaag om duisende Rande uit arm gemeenskappe te tap. Hulle "claim to fame" is kort bene wat langer word, blindes wat sien, skares wat omval, onbedaardelik lag, en in riviere , branders en voorstedelike swembaddens gedoop word, sodat hulle hefbome kry om die magiese hemelkragte van die Nasarieer oop te sluit. Hulle is selfversekerd, eis van God om gehoor te word, en word die nuwe generasie bemiddelaars tussen God en mens. Die duiwel word uit alles gejaag, en vir alles die skuld gegee: Armoede, Vigs, TB, kinderloosheid en motorongelukke. En die skares wat dit nie gelukkig getref het

nie, wat in die duiwel se pad beland het, en huis toe gaan om te sterf? Hulle geloof was te swak. Want geloof is ‘n verdienste , wat in Kilo-Bar gemeet word, waarmee ek God in beweging bring. Andersins sit God soos ‘n granietklip en wag dat die regte hefbome getrek word…..En die BlinkStefaanse het die geheime manuel ontdek om God te “move”. En daarvoor word hulle ryklik beloon…..

Ek weet ook dat daar ‘n paar Ooms in die kerk is wat opgewonde raak by die aanhoor van die argaïese woord “Gereformeerd” terwyl die konotasie van hierdie tradisionele , dogmatiese erfenis aan “evangelisasie”/sending hulle na Rennies laat soek. Hierdie ou bulle kan boeke vol skryf oor “Gereformeerd”-wees, die dogma en belydenis, die herkoms en die begronding daarvan, sonder om die uitreiking na ongelowiges in die gemeenskap op die tafel te sit. Vir hulle is “Gereformeerd”-wees ‘n dogma, ‘n leerstelling, ‘n volkstradisie wat op sy beste eksklusief, uitsluitend, na binne gerig, en laer-trekkend werk. ‘n Handige verskoning om Belhar te verwerp en die grense dig te sluit.

Dan is daar die nuwe generasie teoloë, wat post-modernisties so versigtig is om enigiets te sê wat enigsins minder vaal is as die wêreld rondom hulle. Hulle maak net neutrale stellings, wat niemand sal aanstoot gee of rigting sal aandui nie. Vir hierdie vry siele gaan evangelisasie daaroor dat ons net “nice” en “cool” en vriendelik sal wees met almal, en die bediende goed betaal en niemand niks sal aandoen wat ons sal laat konfronteer nie. Ons moet soos verkleurmannetjies op die grys stadsmure ‘n Bybelse skakering van grys wees. En werk waar God besig is. En dit is nooit waar ons kerk besig is nie. Praat ek met hulle oor die kerk in die gemeenskap, is hulle nou al vir 20 jaar besig om te luister na waar God nou werk, maar hulle het tot nog toe niks by niemand gehoor nie. Hulle wandel hul geestelike sandaalsole deur in die woord, hulle luister met luistersessies, maar tot op datum het hulle nog niks gehoor nie.

Nou wil ek vir die duiwel-uitdrywende health and wealth Charismate, die dogmatiese ooms en die “cool” dominees my storie vertel (al het ek ‘n gut feeling dat niemand van hulle gaan verder lees nie). Miskien vertel ek dit sommer vir myself? Hiermee wil ek nie ‘n referaat skryf, Teologie pleeg of ‘n beroep soek nie. Met my sterk swart koffie langs my, en Herbert von Karajan wat deur Heydn se Schöpfung wandel, peins ek sommer, en deel my gedagtes met wie ookal luister.

Die storie:

Hierdie week het ons met hierdie Gereformeerde hoek die Goeie Nuus gevat na ‘n tradisionele Zulu gemeenskap, en ons het oor God vanuit hierdie hoek gepraat.

Dag een:

Die tent is net opgeslaan. Die grond is hard soos beton, weens die droogte en die rotse. (Opmerking: Elke huis ‘n groentetuin? Hier? Die gemeenskap is nou al ‘n week sonder water. Die waterkar is ook stukkend). Die wind steek op en waai die tent dat dit soos ‘n nat beesvel oor die grond uitsprei, met ‘n paar nuwe skeure in die dak. (Opmerking: Op dag 5 kom die vrouens in die gemeenskap ons bedank dat ons die reën gebring het. Laas toe die tent hier opgeslaan is, is ‘n lang droogte ook gebreek...Rennies?)

Die dagprogram vir die week word vasgemaak:

- Vroegoggend was in komme. (Opmerking: Die eenvoudige kerkie is ons badkamer, ons kombuis, ons eetsaal, ons gebedskamer en ons slaapkamer).
- Dan skoolbesoek om die Evangelie aan kinders te verkondig. (Opmerking: Skoolhoofde bel en versoek dat die span hulle skole besoek. Daar is ‘n nuwe uitbreek onder die meisies dat hulle gil en neerslaan. Dit klink demonies. Kuber, die Indiese seks opkikker word gebruik. Kinders doen die ondenkbaarste dinge in die skool toilette. “Kom Help!”)
- Daarna Bybelstudie vir die span en gebed om die dag aan die Here op te dra. (Ds Mnisi neem ons op die voetspore van Paulus in Handelinge).
- Huisbesoek by kerklos lidmate en mense wat deur moeilike tye gaan met sterftes en siektes.
- Laatmiddag terug om voor te berei vir die aanddiens.
- Kinderdiens van 17:00 af. (Opmerking: Kore word georganiseer. Dramas pop uit. Die kinders speel sokker en netbal. ‘n Seun van so twaalf, wat in ‘n motorongeluk was, kom op sy krukke, 4km oor die klippe. Elke dag is hy daar).
- Jesus film in Zulu.

- Heerlike hartlike uitbundige lofprysing (op die laaste aand weier die jongmense om te loop. “Ons wil nog sing!”).
- CLF traktaatjies.
- Woordbediening deur lidmate, leraars en die jong gemeensteseuns.

Dag twee tot vyf:

Hoogtepunte van die 5 dae:

- Skolebesoeke. Ons bid en lê hande op die kinders by een skool. Ons verkondig die eenvoudige Goeie Nuus, ons dryg en dryf niks nie. Ons bid dat God se genade hierdie kinders sal vashou en bewaar. Dat hulle God se lig sal sien, ook wat adolosente seksualiteit betref. Jul liggame is tempels van God. Julle is kosbaar. Ons praat oor die wonder van die huwelik. Oor MIV en verantwoordelikheid. Oor die liefde. Oor vergiffenis as die lewe jou gekul het en jy in graad 8 met ‘n liefdeskind sit terwyl die pa, soos so baie afwesige pa’s sy liefde hartstogtelik aan ‘n ander verklaar…. En in ‘n jongmeise se oë is daar ‘n nuwe droom wat huiwerig ‘n nuwe blink aan haar kyk kom gee…
- Ds Mnisi se Bybelstudie kyk na Paulus in Antiogië , Pisidië, en Listra in Likaonië. Die heidene sien die genesingswonders en besluit Paulus en Barnabas is Zeus en Hermes. Blomkranse en bulle word as offers gebring (en ek dink so in my enigheid aan die BlinkStefaanse wat toelaat dat die mense hulle oor hulle genesingswonders aanbid). Maar Paulus en Barnabas ry nie die populariteitsgolf nie - hulle skeur hulle klere: “ Mense, wat vang julle nou aan? Ons is maar net mense soos julle….” (sou nogal nice wees as die BlinkStefaanse hierdie aanhaling kon maak?) En dan gooi die Joodse leiers Paulus hulle met klippe en hy word vir dood gelaat. Dan kom staan die gelowiges om Paulus en hy staan op en gaan weer die stad binne. Dan sê Paulus: “Ons sal eers deur baie verdrukking moet gaan voordat ons in die koninkryk van God kom.”
- Huisbesoeke word oral verwelkom. Die hand van God kan vir ‘n oomblik rus op mense wat stukkend is, geliefdes begrawe het, siek is, vermoed hulle huise word deur demone geteister, oumas wat alleen kinders grootmaak en kinders wat by die skool weggejaag is omdat hulle nie ‘n das aangehad het nie. Ouers word aangemoedig om weer huisgodsdiens te hou, met hulle kinders te bid en die Bybel te lees.
- Saans is die tent gepak met jongmense en kinders. Die laaste aand staan ‘n groot sterk seun van 18 jaar op om sy lewe met God reg te maak. Met trane in sy oë bid hy saam om vergiffenis en om voorbegin.
- Baie min (lees: geen) kerk in die omgewing het Sondagskool nie. Die kinders hang aan die kinderwerkers se lippe. Hulle maak dramas oor Bybelverhale en soms ruk die skare wat die owerspelige vrou stenig byna hand uit! Die Woord en die stories oor God se hart in die Bybel gaan vir kinders op konkrete maniere oop.

Laagtepunt: Die kragopwekker gebruik olie - een blikkie ‘n dag! Ringe klaar? Ds Mnisi bid: Here ons budget is klaar…. Ons lê nie hande op die kragopwekker nie, ons dryf nie die Caltex duiwel uit nie, ons bid maar net : “Baba, die budget is klaar….”

Slot:

Ons pak op en ry stil huistoe. Elkeen dink oor die week. Manqoba, een van die seuns, maak ‘n opmerking: “Mfundisi, weet jy, dit was ‘n geweldige voorreg om die week vir die Here Jesus te kon werk.” En ek wens so Manqoba kan ‘n dominee word. Hy het die gawe en die charisma. Maar hy kan nie. Want hy kom uit ‘n arm huis en sy enkelouer ma is werkloos. Waar gaan hy R250,000 leen om vir ses jaar Universiteit toe te gaan? Hy kon nie eers matriek slag nie. En hoe gaan hy dit terugbetaal as hy in ‘n arm gemeenskap dalk R2,000 pm moet verdien? Die Gereformeerde bediening is die alleenbesit van die rykes. Dit kan alleen vir die armes oopgaan as die rykes hulle beursies oopmaak. En die subsidie krane aan die VGKSA vanuit die NG Kerk raak al hoe stywer toegedraai. Waar dit lek, word nuwe wassers aangesit. En gelydelik word die stroom kleiner en drink minder en minder gemarginaliseerdes uit die fonteinwater van die hemel, soos die reformasie dit verstaan.

Die VGKSA sal, nes die NGKerk, eendag net in vermoeënde gemeenskappe kan bedien. En die armes sal oorgelewer wees aan die BlinkStefaanse wat blomkranse en die bul-offers aanvaar en die evangelie soos kulkunstenaars vermom . Daar waar landelike vroue en kinders misbruik en vermink aanhink hemel-toe, daar waar die stedelike jeug se buite egtelike babas grootgemaak word en die stedelike jongmense kom sterf, daar

waar geen werksgeleenthede, geen goeie mediese dienste en geen kwaliteitskole is nie, daar sal al hoe minder en minder mense uit die eenvoudige kruike van die Gereformeerde Teologie kan drink.

Miskien is ek subjektief bevooroordeeld oor die eenvoud en die krag van die Gereformeerde Teologie, maar dit sal deksels jammer wees as dit die eksklusiewe besit van die rykes word.

Met my koffie koud langs my, bid ek: ***Ag Here, laat ons een word in die NG Kerk familie, sodat die ryk kerke nooit alleenbesit oor die skat in die erdekruik sal kry nie. Maak ons kerk se kort beentjie tog langer. Maak ons toe ogies tog oop, en vergewe my omdat ek so min geloof het as ek bid hiervoor……***

Lourens Schoeman

Inhoudsopgawe

5000 Bybels nodig vir Madagaskar

Wolf en Wenda Cilliers is ‘n sendeling egpaar van die NG Kerk en werksaam in Madagaskar vir die afgelope 15 jaar. Hy is betrokke by opleiding van lekeleraars in die noorde, maar bestuur ook ‘n kerkplantingsprojek in verkeie gebiede waar hulle dorpe in afgeleë gebiede teiken wat nog geen kerke het nie. Behalwe die vestiging van nuwe gemeentes word daar ook ‘n persoon in elke nuwe gemeente gekies wat dan op modulebasis indiensopleiding oor amper vier jaar ontvang.
N.a.v. ons navraag aan hom oor die Bybelnood **antwoord hy op 1 Februarie 2012 uit Madagaskar:**

“Soos julle weet, het daar ’n groot behoefte aan Bybels ontstaan, weens die besondere kerkgroei hier en al 1,182 dorpe is bereik. In ‘n aantal gebiede het ons versadigingspunt bereik deur ‘n kerk in elke dorp te kon vestig.
In September 2011 het Ds. Jaco Thom my gevra hoeveel Bybels ons benodig? My berekening volgens die getal lidmate van so 24,000 nuwe lidmate, was dat ons so 6,000 Bybels benodig. Dis net om in die ergste nood te voorsien deur net een Bybel vir elke huisgesin wat by die gemeentes aansluit. Dit sluit nie die studente-leraars in, waarvoor ons reeds op daardie stadium besig was om te voorsien nie. Net die getal Bybels het al klaar baie gelyk – om nie eers te praat van die koste nie. Ek kan egter nie dink hoe ’n mens opleiding moet kry en ’n gemeente moet lei as jy nie ’n Bybel het nie.

Sowat ’n maand later - in Oktober - ontvang ons die aanbod vir die lae-prys Bybels vanuit Rusland. ’n Ou vriend wat al in verskeie lande met Bybelverspreiding betrokke was, mnr. Simonis van Johannesburg (is al 75 jaar oud maar nog sterk aan die gang vir die Evangelie) het my gekontak en gesê hulle gaan weer druk en hy sal vir ons ook Bybels beskikbaar stel, want hy het gehoor van die kerkgroei hier. Hy het kontak met ’n literatuurbediening (Glifa) in Europa wat op hulle beurt weer ’n drukpers in Rusland gebruik wat baie Bybels en Christelike literatuur druk.

Die Bybels het in Desember 2011 hier aangekom – en ek kon met die fondse wat die afgelope weke ingekom het (o.a. $1,000 vanaf OMS Sending ook) teen ’n goeie afslagprys van so R24 ($3) elk koop. So kon ons toe 100 Bybels vir die heel nuutste studente-leraars wat sedert September 2011 bygekom het en dan 1043 vir huisgesinne voorsien. Ons was uiters dankbaar toe hierdie aanbod gerealiseer het. Weens hulle goedgesindheid en verdere hulp wat hulle ook van elders gekry het, kon hulle dit hierdie keer teen so ‘n besondere prys aan ons beskikbaar stel. Ons prioriteit is om eerste vir die studente-leraars te voorsien, en dan vir huise /lidmate.

Intussen het daar sedert September 2011 nog sowat 4,000 nuwe lidmate bygekom – en benodig ons eintlik ten minste ’n verdere 1,000 Bybels. Maar die werk brei nog steeds uit en daar is nog nuwe studente-leraars en nuwe lidmate op pad.

Ek het egter besluit om vir die huidige te hou by die doelwit van 6,000 Bybels vir huise. Aangesien ons nou al 1,043 Bybels vir huise het, kort ons nou nog 5,000 Bybels. Mnr. Simonis was nou self ook hier om die Bybels te hanteer en so was ons ook saam veld toe waar ons by sommige van ons gemeentes Bybels versprei het. Hy het ook genoem dat hulle binnekort weer Bybels wil druk en dat ek teen 30 Maart 2012 ons bestelling moet gee en dan ook ’n deposito van 50% moet betaal. Dis teen hulle normale prys van R31 per Bybel en dus moet ek dan R15.50 per Bybel betaal. Vir 5,000 Bybels is die deposito R77,500 en die volle prys R155,000. Die orige R77,500 moet later in die jaar betaal word sodra die Bybels in Madagaskar aankom. Daar is ’n moontlikheid dat ek wel weer teen die nog laer prys van so R24 per Bybel sal betaal, maar dis nog nie definitief nie. Selfs teen R31 per Bybel is dit

steeds beter as die prys van die Bybelgenootskap hier. En as die prys van R24 per Bybel dan wel weer sou realiseer, sal ons dan net nog meer Bybels kan bekom. Hiervoor moet ons ook bid.

Hierdie Bybels wat Glifa fasiliteer, word gedoen in ooreenkoms met die Malgassiese Bybelgenootskap. Dit behels onder meer dat die Malgassiese Bybelgenootskap kennis dra van al die drukwerk deur Glifa en dat tien persent van elke besending aan die Bybelgenootskap geskenk word.

As julle julle weg oop sien om dan ook aan hierdie ”Projek 5000” deel te neem sal ons dit ten seerste waardeer – ook as julle kan help om dit verder bekend te maak by ander gemeentes, instansies, ens. Dis iets wat die moeite werd is om oor saam te droom en die Here te vertrou. Belangstellendes moet teen 30 Maart 2012 laat weet hoeveel hulle kan bydra en ook dan die deposito of volle bedrag inbetaal.

Dis ’n geloofsprojek waar ons na die Here kyk vir wat ons nie kan doen nie. Wie sou nou ’n paar jaar gelede kon dink dat die dinge kon gebeur wat die Here nou al hier gedoen het – en nou ook al meer as ’n hele paar druppels kon voorsien in die emmer van Bybelbehoeftes hier? Ek glo Hy wil dat ons moet vertrou dat Hy sal voorsien – en so bring dit eer aan Hom. Maar Hy gee deur sulke behoeftes aan gelowiges ook die voorreg om saam met Hom die uitdaging aan te vat.

Net vandag toe ek hier in die noorde kom, hoor ek weer hoe verheug die studente-leraars was toe hulle in November Bybels ontvang het waartoe julle daar in Piketberg bygedra het.

Saam in sy diens,

Wolf Cilliers.
jwcilliers@yahoo.com

Rig verdere navrae aan Ds. Martin Goosen in Piketberg by 022 913 1206.

Inhoudsopgawe